Vrydag **19 Desember**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:16**

**God maak bemoeienis met ons**

Deel van die groot wonder van Kersfees is: God het mens geword en onder ons kom woon. God, die almagtige Skepper van hemel en aarde, wat soewerein regeer oor die wêreld en die wêreldgeskiedenis, het mens geword.

In Hebreërs 2 word ons opnuut herinner aan ons verlossing. Die skrywer haal Psalm 8 aan en beskryf hoe hoog die mens se status is. Die mens is die kroon van die skepping, weinig minder as die engele, met eer en heerlikheid gekroon en aangestel oor die werke van die Here se hande. Hoë status, maar steeds minder as die engele.

Maar Jesus word vir ’n kort tydjie mens, minder as die engele. Hy, die Een ver verhewe bo die engele, het minder as die engele geword. Hierdie kontras beklemtoon die hoë prys. Want Hy het dit gedoen ter wille van ons verlossing. Soos ons lees in Filippense 2, het Hy Homself verneder om ons te verlos.

Daarom is die wonder in besonder dat Hy Hom nie oor die engele bekommer nie, maar oor die nageslag van Abraham. Dit is ons, die gelowiges. Hy bekommer Homself oor ons, wat minder is as die engele, en Hy verlos ons. So het ons ook die troos dat Hy ons kan help in versoeking, want Hy het Self onder versoeking gely.

Ons opdrag is dus om die wonder te verkondig, te jubel oor Wie God is en wat Hy vir ons gedoen het en steeds doen, want God het mens geword en onder ons kom woon. Mag hierdie waarheid steeds ons harte raak in hierdie Kerstyd sodat ons altyd ons oë gefokus mag hou op Hom. Want God het met ons bemoeienis gemaak.

*Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4*

*Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)*